

DIE VESTIGING VAN DIE EERSTE VRYBURGERS AAN DIE KAAP DIE GOEIE HOOP — VI

C. Die ontwikkeling van die handel en nywerheid aan die Kaap

Die boerdery was maar een van verskeie bedrywe waarop persone wat vrybriewe van die V.O.C. ontvang het, hulle kon toelê. Volgens die monsterrolle was die beroepsindeling in die Kaap vir die ondergenoemde jare soos volg:¹

	1658	1660	1661	1662
Boere	16	19	20	29
Bywoners	11	19	22	30
Kleremakers	2	2	2	1
Jagters	2	1	-	-
Vissers en Soutgaarders	3	3	5	4
Houtsaers	1	—	—	—
Skrynwerkers	2	2	1	1
Algemene Handlangers	14	18	20	24
Geneeshere	1	—	—	—
Landmeters	—	1	—	—
Meulenaars	—	1	1	1
Bouers	—	3	3	1
Tappers	—	1	1	2
Tuiniers	—	—	1	1
Totaal	52	70	76	94

Na die aanvanklike vestiging van vryburgerboere, het die behoeftes veral na sekondêre dienste toegeneem. Die nodigheid is deur die V.O.C. ingesien en amptenare kon op grond van hulle gewilligheid om as skrynwerkers, tappers, kleremakers, vissers, bouers, steenmakers, meulenaars en tuiniers te praktiseer, hulle ontslag ontvang.

In teenstelling met die voorregte wat die vryburgerboere geniet het, was die nie-boerendes tot 'n groot mate op hulself aangewese. Waar dit die verklaarde beleid van die V.O.C. was dat aan die vryburgerboere 'n helpende hand gebied moes word,² is geen spesiale voorsiening vir bystand aan ander professies gemaak nie. Inderwaarheid is daar voorbeelde van openlike diskriminasie teen hierdie groep en as voorbeeld hiervan kan na die Resolusie van die Politieke Raad, geneem op 20 Augustus 1658, verwys word. In hierdie Resolusie is besluit om die „vrijeluiden met goet deel drachtige koeijen te versien”,³ maar dat hierdie voorreg „voor eerst meer alleen die haer op den landtbouw ernerer”,⁴ sou toekom omrede laasgenoemdes „moetende alleenlijq heen comen ende leven van de vruchten die Godt de Here door Sijnen zegen, sal

1. Leibbrandt, H. C. V.: *Precis of the Archives of the Cape of Good Hope*.

2. Vgl. vorige aflewering.

3. *Resolusies van die Politieke Raad: Suid-Afrikaanse Argiefstukke, Nr. 1, p. 164*.

4. *Ibid.*, p. 164.

gelieven te verleen".⁵ Wat betref ander vryburgers soos timmermanne, houtsaers, meulenaars en wildskutters „ . . die den dagelijcxen penningh tot hun onderhout van den beginnen aff genieten, ende soo gemerct wort heel wel daerop cunnen strecken”,⁶ sou beeste alleen aan hulle voorsien word nadat die landbouers reeds goed voorsien was.

Dat hierdie houding 'n stremmende invloed op die welvaart van die nie-boerende vryburgers en ook van die Kaapse gemeenskap in die algemeen sou hê, is voor die hand liggend. Aan die Kaap was daar 'n chroniese tekort aan beeste en deur sommiges daarvan te weerhou om daarmee te boer, het Van Riebeeck slegs die oplossing van die probleem vertraag. Nieteenstaande gunstige omstandighede soos volop weiveld, water en 'n onversadigbare vraag na beesvleis, het hy verkies om die veehandel met die Hottentotte te verbied asook om nie die vooruitstrewendste groep Vryburgers aan die Kaap toe te laat om daarmee te boer nie. Inderwaarheid het hy hiermee gepoog om die belange van die vryburgerboere te beskerm, maar hierdie beskerming sou nie nodig gewees het indien hy nie weer laasgenoemdes se aktiwiteite met allerhande beperkings aan bande gelê het nie.

In die prosas van die beskerming van die V.O.C. se belange aan die een kant en die van individuele groepe aan die ander kant, was die Kaapse ekonomiese lewe gedoem om teen 'n slakkegang te ontwikkel.

Wat die nie-boerende vryburgers egter met die boerendes in gemeen gehad het, was die streng voorskrifte wat met hulle vryburgerskap gegaard gegaan het. In iedere geval is noukeurige reëls deur die Politieke Raad uitgewerk, en dit sal nuttig wees om aan 'n verteenwoordigende aantal kategorieë aandag te gee.

1. *Die Saldanavaarders*

'n Plakkaat van 8 Januarie 1658 maak melding van ene Jurrien Jansz., van Amsterdam en Gerrit Harmansz., van Deventer, almal „borgers ende inwoonders alhier aen Cabo de boa Esperance”⁷ wat planne aanvoer om 'n lewe te maak „met traenbranden, visserije, ende gepermitteerden coophandel met d' inwoonders (m.a.w. Hottentotte)”.⁸ Aan hulle gee die Politieke Raad die nodige toestemming en terselfder tyd word 'n kennisgewing aan alle skeepsoffisiere van die V.O.C. gerig waarin hulle verbied word om die Saldanavaarders se werksaamhede te bemoeilik deur met hulle sake in te meng.⁹

In 'n latere Plakkaat, gedateer 25 Januarie 1658, word bepaal dat die Saldanavaarders:

- (a) op eilande binne en buite Saldanabaai sover as die noordelikste punt mag handeldryf;

5. *Ibid.*, pp. 164-165.

6. *Ibid.*, p. 165.

7. Jeffreys, M. K.: *Kaapse Plakkaatboek, Deel I, 1652-1707*, p. 32.

8. *Ibid.*, p. 33.

9. *Ibid.*

- (b) in dieselfde gebied ook mag visvang en mag traan brand;
- (c) groente en vrugte wat hulle gekweek, en voëls en eiers wat hulle opgegaar het, aan verbygaande skepe mag verkoop.

Voorgenoemde Plakkaat verbied weer eens alle Kompanjiesdienare om die Saldanavaarders enigsins in die uitvoering van hul aktiwiteite te verhinder. Hierbenewens word laasgenoemdes egter versoek om nie skeepsbemannings te verbied om in riviere en vanaf die strandgebied van die baai vis te vang nie. Natuurlike groentegewasse, water en brandhout moes gratis aan skepe verskaf word. Vriendelike volke soos die Engelse en Franse moes toegelaat word om ware te koop, maar die Portugese moes as vyande bejeen, en oorweldig word sodra die geleentheid hom voordoen.¹⁰

Op 13 Desember 1658 word „ . . . ten dienste van d'E. Compagnie . . . ”¹¹ nog verdere voorregte, hierdie keer ten opsigte van soutontginning, aan die Saldanavaarders toegestaan. Die voorregte word net vir een seisoen toegeken en die voorskrifte waaraan voldoen moes word, het behels:

- (a) Sout mag nie aan enigiemand behalwe die V.O.C. verkoop, voorsien of geskenk word nie;
- (b) vryburgers en V.O.C.-dienare word gewaarsku en verbied om nie wederregtelik sout uit die soutpanne te verwyder, of om sulke sout deur middel van Hottentotte te bekom nie. Boetes van 10 Reale vir die eerste, en 20 Reale vir tweede oortredings word opgelê. Hierbenewens sal ook „arbitrale corectie”¹² en optrede deur die fiskaal ten opsigte van soutdiewery toegepas word.¹³

Hierdie streng beheermaatreëls was natuurlik nie bedoel om die Saldanavaarders se regte as sodanig te beskerm nie, maar eerder om te verseker dat die V.O.C. die sout goedkoop, gerieflik en in voldoende hoeveelhede kon bekom.

2. *Houtsaers en skrynwerkers*

Weens die feit dat die Kaap 'n ontwikkelende nedersetting was, was daar 'n gedurige vraag na timmerhout asook na die dienste van skrynwerkers. In die omgewing van die fort was daar heelwat natuurlike houtbosse waaruit timmerhout vir allerlei doeleindes verkry kon word. Van Riebeeck was nie ten gunste van die onbeteulde afkap van bosse aan die Kaap nie en het hom beywer vir die oordeelkundige gebruikmaking van natuurlike hulpbronne. Om hierdie rede het slegs geoutoriseerde persone die reg gekry om hout vir kommersiële doeleindes af te kap en te bewerk. 'n Voorbeeld hiervan was die toekenning van alleenreg op 'n houtbos aan vryskrynwerker, Leendert Cornelisz van Zevenhuijsen. Die voorwaarde verbonde aan hierdie voorreg, was dat hy

10. *Ibid.*, pp. 33-34.

11. *Ibid.*, p. 46.

12. *Ibid.*, p. 47.

13. *Ibid.*, p. 46-47

homself moes bind om vir 15 jaar 'n vryburger te bly en dat hy sy vrou uit Nederland moes laat kom.¹⁴

Op 6 November 1657 is ook aan Roeloff Zieuwertssen die reg verleen om „tot gerieff van d' Compe en die vrijeluiden”¹⁵ die skrynwerkersprofessie te beoefen. Soos die van Cornelisz, sou sy hoofzaak wees om hout op eie koste te saag en om allerhande „plancken, swalpen, ribben”¹⁶ teen 'n koste wat na oorlegpleging met die V.O.C. bepaal is, aan lg. en die vryburgers te lewer. Hierbenewens moes hulle ook ploë, waens, egge en ander landbou-implemente van die vryburgers herstel aangesien die Kompanjie, weens die hoë koste daaraan verbonde, nie meer self die werk kon onderneem nie.¹⁷

3. *Wildskutters*

Van Riebeeck was altyd baie gretig dat V.O.C.-amptenare hulle as vryburgers aan die Kaap moes vestig. Toe Cristiaen Jansz. van Hoesum en Pieter Cornelisz van Langesont nie vryburgerboere kon word nie (weens die tekort aan trekosse) wys hy nie hul aansoeke van die hand nie, maar beveel aan dat hulle voorlopig vry-wildskutters word „ . . . onder soodanige vordere conditien ende met alle deselve privilegien als d' andre vrij geworden persoonen”.¹⁸

Aan hierdie twee persone is dan ook die alleenreg toegestaan om wild aan die Kaap te jag. Die opbrengs van hul jagbedrywighede kon aan die V.O.C.-dienare en ander vryburgers teen vasgestelde pryse verkoop word.

Ten einde die wildskutters in staat te stel om die mas op te kom, word hulle ook toegelaat om „een tapjen op te stellen”.¹⁹ Die sterk drank wat hulle te koop sou aanbied, is hulle nie toegelaat om van besoekende skepe nie, maar alleenlik van die V.O.C. se magasyn, te verkry.²⁰

Op soortgelyke wyses as hierbo beskryf, het verskeie ander „professionele” vryburgers hul vryheid ontvang. Bogenoemde aantal voorbeelde kan egter as genoegsame bewys dien van die wyse waarop die V.O.C. die goedere en dienste deur hierdie groep vryburgers gelever, benut het. Deur hulle kon die V.O.C. nie alleenlik aansienlike arbeid en koste bespaar nie, maar ook was hulle werkverrigting doeltreffender as die van Kompanjiesdienare wat min inisiatief getoon het. Hierbenewens dui die feit dat die V.O.C. bereid was om professionele lui aan die Kaap toe te laat, op sy bereidwilligheid om die gebied verder as 'n blote verseringspos te laat ontwikkel.

14. Bosman en Thom: *Dagregister Gehouden by den Oppercoopman Jan Antonisz. Van Riebeeck (Deel II)*, pp. 191-192.

15. *Ibid.*, pp. 191-192.

16. *Ibid.*, p. 191.

17. *Ibid.*

18. *Resolusies van die Politieke Raad: op. cit.*, p. 102.

19. *Ibid.*

20. *Ibid.*, pp. 102-103.

Dit moet egter in bogenoemde verband in gedagte gehou word dat werklike snelle ontwikkeling gestrem is as gevolg van die owerheid se te streng voorwaardes asook die nougesette handhawing van sy monopoliebeleid. Daar die Kompanjie egter self die gewer sowel as die ont-nemer van regte en voorregte was, kan dit egter nie verwag word dat hy meer voorregte aan ander handelsinstansies sou toeken as wat vir homself voordelig was nie.

Vanweë die vryburgers se vrees dat hulle hul privilegies kon verloor, het hulle geen ander uitweg gehad as om die streng reëls te eerbiedig nie. Indien daar nie aan die voorgeskrewe vereistes voldoen is nie, is die voorreg eenvoudig van die houers ontnem en aan ander toegeken. So byvoorbeeld ontnem die Kommandeur Pieter Jacobsen van Bodengraven en Marten Vlockert se regte om sout in te samel en vis te vang omrede hul traagheid en luiheid. In sy Dagregister verklaar hy in hierdie verband dat sulke „doodeeters”²¹ uitgekakel moet word „ende andere . . . hare prementien (privilegies) beter meriterende”²² in hulle plek gestel sal word.²³

Die V.O.C. het dus op selektiewe wyse bepaalde privilegies aan handelaars, vakmanne en ander gespesialiseerde lui toegestaan. Omrede voorgenoemdes se dienste ook deur die owerheid benut is, is hulle nie toegelaat om ’n vrye, onafhanklike bestaan te voer en hul bedrywighede volgens hul eie sienswyses te reguleer nie, maar soos die geval met die vryburgerboere was, het die V.O.C. ook ’n noulettende oog oor hulle bedrywighede gehou en indien daar nie aan verwagte standarde voldoen is nie, hul voorregte ontnem.

Aangespoor deur die V.O.C. se aanmanings, was Van Riebeeck voortdurend daarop ingestel om onkoste aan die instandhouding van die Kaap verbonde op die laagste moontlike peil te hou.²⁴ Vir hierdie doel het hy verskeie moontlikhede ondersoek en veral die landbou, veeteelt, mynbou, handel en nywerheid is as middele gesien waardeur wins verkry, arbeidskragte verminder en onkoste gereduseer kon word.

Veral na die koms van die vryburgers was dit vir die V.O.C. onmoontlik om alle ekonomiese aktiwiteite aan die Kaap eiehandig te behartig. Waar dit dus tot sy eie voordeel gestrek het, het die Maatskappy vryburgers sover moontlik in die ekonomiese lewe probeer betrek.²⁵ Hierdeur het hy nogtans nie van sy eie ekonomiese strewes afstand gedoen nie, want by die toekenning van alle konsessies het eiebelang steeds die deurslaggewende faktor gebly. Hierdie uitgangspunt verklaar dan ook die ferme en nougesette kontrole wat die V.O.C. selfs ná die toekenning van sulke voorregte, bly handhaaf het.

21. Bosman en Thom: *op cit.* (Deel III), p. 5.

22. *Ibid.*

23. *Ibid.*

24. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched*, Vol. III, p. 26 en p. 65.

25. Vgl. vorige besprekings.

As hoogste plaaslike gesag kon die V.O.C. die plaaslike ekonomiese lewe natuurlik na eie goëddunke manipuleer. Die enigste potensiele bron van ontevreedenheid en teenstand was die vryburgers self, maar as gevolg van hulle afhanklikheid van die owerheid op alle terreine, moes hulle, al was dit dan ook meestal onder protes, die ferme beheer tog gedweë aanvaar.²⁶

Teoreties gesproke kon die State-generaal wel ingryp, maar lg. en die V.O.C. se belange was so intiem in mekaar gestrengel dat optrede uit daardie oord uiters onwaarskynlik was.²⁷

Dit sal egter in 'n groot mate onregverdig wees om die V.O.C. slegs op grond van sy optrede aan die Kaap te beoordeel. Hiervoor moet sy doelstellings as handelsmaatskappy in 'n breër verband gesien word. Die Kaap was per slot van sake slegs 'n relatief onbelangrike onderafdeling in sy omvattende en magtige handelsdomein. Hier, soos ook elders die geval was, is gehandel in die gees van die maksimum- en direkte-wins-doelstellings wat so kenmerkend van die Maatskappy was.

In terme van die maksimum-wins-doelstellings was die uitgangspunt dat die grootste winsgrens bereik sou word wanneer uitgawes op die laagste peil verkeer het.²⁸

Gevolge van hierdie wins-bo-alles-motief was dat persone in diens van die V.O.C. slegs 'n karige loon ontvang het en daarom noodgedwonge alternatiewe inkomstebronne, wettig of onwettig, moes vind; die arbeiders, amptenare en soldate op die kleins moontlike skaal in diens geneem is en dat handelsware teen hoë winste van die hand gesit is. Natuurlik sou hierdie houding die vooruitgang van die vryburgers aansienlik beperk — te meer nog omdat dit met die merkantilistiese beskouinge van die V.O.C. gepaard gegaan het. Hierdie beskouing het meegebring dat daar deurgaans gepoog is om uitbetalings in klinkende munt soveel as moontlik te beperk (as gevolg van die groot waarde wat aan edele metale geheg is). Om dus geld te bespaar, is daar veral aan die ruilhandel prioriteit verleen. Dit was veral lg. metode wat die V.O.C. in staat gestel het om produkte soos bv. graan vir 'n appel en 'n ei van die vryburgers te koop.²⁹

Wat die tweede, nl. die direkte-wins-motief betref, kan genoem word dat die V.O.C. direkte of onmiddellike wins bo omwegwins verkies het. Die algemene rigsoer hier was goedkoop koop en duur verkoop. Alhoewel die Kaap geen speseryproduserende gebied was nie, het die V.O.C. tog verwag dat dit direkte wins moes oplewer. Aan hierdie verwagting is daar nie voldoen nie.³⁰ Die gevolg was dat aanmanings om groter besparing aan die dag te lê Van Riebeeck gereeld bereik het. Soos

26. 'n Volledige bespreking van die Vryburgers se griewe volg later.

27. Vgl. Van der Walt, Wiid en Geyer: *Geskiedenis van Suid-Afrika of ons Verlede. (Deel II)*, pp. 12-20, asook Gie: *Geskiedenis van Suid-Afrika (Deel I)*, pp. 41-42.

28. *Ibid.*, pp. 140-145.

29. *Ibid.*, pp. 140-145.

30. *Ibid.*, pp. 140-145.

alreeds beskryf, was die daarstelling van vryburgers om as landbouers, handelaars en nyweraars op te tree, 'n direkte uitvloeisel van die V.O.C. se besparingspogings.

Die stremmende uitwerking wat hierdie beheerde ekonomie veral op die vryburgers sou hê, is voor die hand liggend. In hierdie verband verklaar Boëseken dat alhoewel sommige V.O.C.-kommissarisse ingesien het dat die Kaap op ekonomiese gebied nooit lewensvatbaar sou kon word te midde van al die maatreëls wat die vryburgers se vryhede aan bande gelê het nie, geeneen van hulle „tot de logische consequentie van dit inzicht”.³¹

Genoemde skrywer verklaar voorts dat dit natuurlik onbillik sou wees om in die 17de eeu begrip van aangeleenthede te verwag wat eers in die 18de eeu tot volle rypheid ontwikkel het, „maar men moet niet vergeten, dat zij de woorden van Coen in den wind sloegen; deze had nl. reeds in 1623 erop gewezen, dat kolonisatie alleen dan een succes kon zijn, wanneer er voor gezorgd werd, dat de kolonisten behoorlijke middelen van bestaan hadden en dat de handel, lijber ende vrij onder behoorlijk reglement ende redelijke conditien' aan alle vrijburgers toegestaan word — (maar) met theoretische beschouwingen lieten de Commissarissen zich over het algemeen niet in, en zij gingen van het typisch 17e eeuwsche standpunt uit, dat de minste verandering de beste is ”.³²

Uit bogenoemde blyk dit duidelik dat die V.O.C. se handelsbeleid nie die Vryburgers kon bevredig nie. Dit sou vanselfsprekend meer tot lg. se voordeel, asook tot die voordeel van die Kaap in die algemeen, bygedra het indien daar nie streng beperkings ten opsigte van hulle handel met die Hottentotte, met verbygaande skepe en onderling ingestel was nie.

Geen mededinging is egter deur die V.O.C. toegelaat nie, en hierbenewens het hyself opgetree as ondernemer op terreine waar winste sonder veel moeite en koste behaal kon word.³³ Dit is dus opmerklik dat die V.O.C. eers die room van die Kaapse handel afgeskep het voordat vryburgers toegelaat is om die terrein te betree, en selfs dan is hulle nie aan hulleself oorgelaat nie.

Daar moet tot die gevolgtrekking gekom word dat hierdie starre handelsbeleid in 'n groot mate aan Van Riebeeck se ywerigheid om die Here XVII se guns te verwerf, toegeskryf kan word. Hierdie aanname kan ondermeer aan die hand van die Instruksies wat Van Goens met sy besoek aan die Kaap in 1657 opgestel het, gemotiveer word. Hierin word verklaar dat „Onder die apparentien die hun alhier seeckerlijck verthoonen is oock het aanplanten van wijngaerden in 't geberghte, bier brouwen, soudt maken . . . calck branden, brandewijn distileren, steen backen, houdt halen, visserijen, wilt schieten, tapneeringen, en diergelijcke van alle 't welke de Burgerije naemaels door naeder ordre anser prin-

31. Boëseken, A. J.: *Nederlandsche Commissarissen aan de Kaap, 1657-1700*, p. 58.

32. *Ibid.*

33. Vgl. bv. sy handelsmonopolie met Hottentotte.

cipalen sullen connen daerbij sonder octroj gefavoriseert werden . . ."³⁴ Met die uitsondering van jag³⁵ (nie roofdiere nie) en die plant van tabak,³⁶ wou Van Goens die vryburgers toelaat om sonder enige beperkings 'n lewe uit genoemde bedrywe te maak. Hierbenewens laat hy hulle selfs toe om vee van die Hottentotte te ruil.³⁷

Die rigting wat deur Van Goens aangedui is, is egter nie gevolg nie, en om 'n duidelike beeld van die ekonomiese voorregte van die eerste vryburgers te kry, moet die hele terrein van die handel aan die Kaap, met besondere verwysing na handel met die skepe, handel met die Hottentotte, handel met die V.O.C. en handel onderling, vervolgens bespreek word.

1. *Handel met Skepe*

Die Kaapse nedersetting was 'n geïsoleerde enklave in 'n verafgeleë, ongetemde wêrelddeel. Vir die handhawing van hul beskaafde lewenswyse was die inwoners totaal van die enigste destydse langafstand-kommunikasiemiddel, die skip, afhanklik. Alle duursame verbruiksgoedere, landbougereedskap en dergelyke vervaardigde goedere moes vanaf Europa met skepe na die Kaap vervoer word. Benewens hulle belangrikheid as vervoer- en kommunikasiemiddel, het besoekende skepe ook 'n ander groot voordeel vir die Kaap ingehou. Dit was nl. as mark vir die landbouprodukte, vleis, velle, huide, horings, ivoor en ander produkte wat aan die Kaap verkrygbaar was.

Die voorreg om vryelik met skepe te handel het die vryburgers nooit ontvang nie.³⁸ Inderdaad is daar alreeds in die vestigingsvoorwaardes bepaal dat:

- (a) Groente slegs aan skepe wat drie dae of langer in die hawe was, verkoop kon word en dan ook slegs op voorwaarde dat daar reeds aan die garnisoen se behoeftes voorsien is.³⁹
- (b) Sterk drank nie aan boord van skepe gekoop mag word nie.⁴⁰

Met die verdere ekonomiese ontwikkeling van die Kaap is die handelsbeperkings gaandeweg uitgebrei. Van Goens het bv. bepaal dat geen koeie, skape of varke sonder owerheidstoestemming aan besoekende skepe verkoop mag word nie. Selgs die V.O.C. kon as leweransier hiervan optree.⁴¹ Hierbenewens het hy ook die handel met vreemde skepe (d.w.s. dié wat nie aan die V.O.C. behoort nie) beperk deur te bepaal dat behalwe vars water, geen akkommodasie aan matrose van sulke skepe verleen mag word nie.⁴²

34. Leibrandt, H. C. V.: *op cit.*, *Letters Received*, Vol. II, p. 235.

35. *Ibid.*, *Letters Despatched*, Vol. III, p. 261.

36. *Ibid.*, *Letters Received*, Vol. II, p. 224.

37. *Ibid.*

38. Jeffreys, M. K.: *op cit.*, p. 28.

39. Bosman en Thom: *op cit.* (*Deel II*), p. 101.

40. *Ibid.*, p. 101.

41. Jeffreys, M. K.: *op cit.*, p. 28.

42. Leibrandt, H. C. V.: *op cit.*, *Letters Received*, Vol. II, p. 240.

Na Van Goens se vertrek, het Van Riebeeck nog verdere beperkings op die handel met skepe geplaas. Hy verbied bv. die burgers om vis aan skepe te verkoop op grond van die feit dat hierdie handel hulle aandag van die allerbelangrike landbou aftrek.⁴³ Later plaas hy dieselfde verbod op die verkoop van brood aan skepe.⁴⁴

Hierdie houding jeens die handel met skepe, gepaard met die swak prys waarteen die vryburgers verplig was om hulle produkte aan die Kompanjie te verkoop, het onvermydelik daartoe aanleiding gegee dat e.g. die swartmark betree het.⁴⁵

Die sluikhandel in vleis veral, het sulke afmetings aangeneem dat die Politieke Raad moes ingryp. Op 'n byeenkoms van hierdie Raad op 21 Februarie 1661, is erken dat hierdie praktyk uiters moeilik was om te bekamp — niteenstaande die swaar strawwe daaraan verbonde en die nougesette kontrole wat uitgeoefen is. Die Resolusie wat by hierdie geleentheid goedgekeur is, verleen egter erkenning aan die feit dat die verbod op handel met skepe die vryburgers baie nadelig getref het. Daar is ingesien dat dit vir laasgenoemdes prakties onmoontlik was om hulle vee spotgoedkoop van die hand te sit, inaggenome die hoë koste aan die oppas en voer van die diere verbonde. Gevolglik is ooreengekom dat die V.O.C. 'n hoër prys vir skape sowel as beeste sal betaal. Die Resolusie het dit egter duidelik gestel dat geen verpligting op die owerheid sou rus om die vryburgers se vee te koop nadat sy behoeftes bevredig was nie. Surplusprodukte kon onder sulke omstandighede, na die verkryging van die nodige amptelike goedkeuring, plaaslik verkoop word.⁴⁶

Hierdie toegewing getuig van groter insig in die vryburgers se probleme. Inderwaarheid het Van Riebeeck al op 'n vroeër stadium die onsinnigheid van die handelsverbod ingesien, want op 5 Maart 1669 vra hy die Here XVII dat die verbod op vleisverskaffing opgehef moet word.⁴⁷ Hierdie verbod het egter van krag gebly en skynbaar as kompensasie vir hierdie toedrag van sake, is die vryburgers toegelaat om botter, melk, eiers, hoenders, ganse, eende, vrugte en groente aan skepe te verkoop.⁴⁸ Die liberalisering van die handel is veral gesteun deur Kommissaris Pieter Sterthemius, aangesien dit sy mening was dat dit nie saak gemaak het deur wie skepe voorsien is nie, solank hulle net goed voorsien is.⁴⁹ Ongelukkig is geen verdere konstruktiewe besluite in hierdie verband geneem nie.

2. *Handel met die Hottentotte*

As veebesitters was die Hottentotte vir die V.O.C. van baie groot belang. Gedurige pogings om vee van hulle te bekom sodat die skepe

43. *Resolusies van die Politieke Raad: op. cit.*, pp. 146-147.

44. Bosman en Thom: *op. cit. (Deel III)*, p. 101.

45. *Ibid.*, pp. 331-334.

46. *Ibid.*, p. 33.

47. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit. (Letters Despatched, Vol. III)*, pp. 83-84.

48. Bosman en Thom: *op. cit. (Deel III)*, pp. 127-131.

49. Leibbrandt, H. C. V.: *op. cit. (Letters Received, Vol. II)*, pp. 271-273.

beter van vleis voorsien kon word, is aangewend. Ten spyte egter van 'n beleid van uiterse vriendelikheid en verdraagsaamheid wat teenoor hulle gevolg is, het die veehandel nogtans uiters traag verloop en geen noemenswaardige getalle kon ooit van hulle geruil word nie.⁵⁰

Weens die klaarblyklike probleme wat met hierdie belangrike handel ondervind is, wou Van Riebeeck belemmerende mededinging ten alle koste elimineer. Hy was veral bevrees dat die vryburgers probleme op hierdie gebied sou veroorsaak en die handel sodoende verder in die wiele sou ry. Gevolglik is daar in die aanvanklike vestigingsvoorwaardes van die vryburgers bepaal dat geen handel tussen die vryburgers en die Hottentotte mag plaasvind nie.⁵¹ Die spesifieke redes wat aangevoer is om hierdie stap te regverdig was dat:

- (a) Die V.O.C. min voordeel uit die handel tussen die inboorlinge en die vryburgers sal ontvang daar laasgenoemde slegs hulle persoonlike belange nastreef.⁵²
- (b) Daar 'n prysoorlog sal ontstaan as gevolg van die sterk kompetisie en dat die Hottentotte sodoende bederf sal word.⁵³

Kommissaris Van Goens, wat die Kaap kort na die vestiging van die eerste vryburgers besoek het, het egter hierdie verbod opgehef.⁵⁴ As gevolg van hierdie toegewing het die burgers baie moeite gedoen om hulle veehandel met die Hottentotte uit te brei. Daar is selfs ekspedisies na die binneland vir die doel onderneem.⁵⁵ In sulke gevalle moes toestemming van die V.O.C. verkry word en hierbenewens mag nie meer as die V.O.C., vir beeste betaal word nie.⁵⁶ Indien individuele burgers te groot hoeveelhede van die Hottentotte verruil het, moes surplusse aan die V.O.C. teen vasgestelde pryse verkoop word. Hieruit kon voornemende vryburgers, wat weens die tekort aan trekvee en melkkoeie nie dadelik met hulle boerdery kon begin nie, voorsien word.⁵⁷

Behalwe vee het die vryburgers ook ander kommoditeite soos ivoor, horings en velle van die Hottentotte verruil. Van Riebeeck het op 6 November 1657 egter besluit om hierdie handel te verbied. Die rede wat hy aangevoer het, was dat dit „skade aan die veehandel veroorsaak”.⁵⁸ Hiermee was die vryburgers nie gediend nie en as gevolg van representasies wat hulle hieroor geloods het, besluit hy op 8 November 1657 om weer die verbod op te hef vanweë die skade wat dit vir die vryburgers meegebring het.⁵⁹ Hy het dit terselfdertyd egter as voorwaarde gestel dat artikels wat van die Hottentotte verkry is, teen 100 persent

50. Bosman en Thom: *op. cit.*, pp. 310-312.

51. *Ibid.* (Deel II), p. 101.

52. *Ibid.*, p. 151.

53. *Ibid.*

54. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Received, Vol. II*, p. 225.

55. Bosman en Thom: *op. cit.* (Deel II), p. 193.

56. *Ibid.*

57. *Ibid.*

58. *Ibid.*, p. 192.

59. *Ibid.*, p. 193.

wins aan die V.O.C. en nie aan amptenare nie, verkoop moes word.⁶⁰

Van Riebeeck het egter oortuig gebly dat die vryheid wat die vryburgers ten opsigte van veehandel met die Hottentotte geniet het, nie in die beste belange van die V.O.C. was nie. Hierbenewens is ook gevind dat die landbou, as gevolg van die aktiwiteite op handelsgebied, verwaarloos word. Op 31 Maart 1658 versoek hy gevolglik die Here XVII om die oorspronklike verbod op veehandel met die Hottentotte weer van krag te maak.⁶¹ Hiertoë word die nodige magtiging verkry en op 4 Mei 1658 kon die Politieke Raad 'n Plakkaat uitvaardig wat hierdie handel verbied.⁶² Hoe vasbeslote Van Riebeeck was dat sy bevele gehoorsaam moes word, blyk uit die feit dat hy gelas het dat:

- (a) alle vee wat onwettig van inboorlinge verhandel is, gekonfiskeer sou word;
- (b) alle koper wat as ruilmiddel gebruik is binne 48 uur na uitvaardiging van die Plakkaat aan die V.O.C. terugbesorg moes word;
- (c) gereeld oor die aanwas en afname van individuele veestapels aan die V.O.C. verslag gedoen moes word;
- (d) inspeksies uitgevoer sou word om toe te sien dat die Plakkaat gehoorsaam word.⁶³

Soos dit in die geval met die verbod op handel met skepe was, het die vryburgers nou oorgegaan om in die geheim hul handel met die Hottentotte voort te sit. Dit het Van Riebeeck genoop om verdere Plakkate op 13 September 1658⁶⁴ en 24 Oktober 1658⁶⁵ uit te reik waarin die vryburgers teen die ernstige gevolge van hierdie onwettige handel gewaarsku is. In lg. Plakkaat (24 Oktober 1658) word die burgers selfs opdrag gegee om geen Hottentotte naby hulle huise toe te laat nie.⁶⁶

Van Riebeeck kon nooit volkome daarin slaag om die handelskontak tussen vryburger en Hottentot te verbreek nie. Toe dit te moeilik vir eersgenoemdes geword het om beeste van hulle te verkry, het hulle op ander kommoditeite wat die Hottentotte bereid was om te verhandel, begin konsentreer. Hierdie handel het in so 'n mate floreer dat die Hottentotte later nie eers meer die moeite gedoen het om met hulle vee na die Fort te kom nie en die Kompanjie moes gevolglik kopers na hulle stuur.⁶⁷

Dat die handelsverbod ten opsigte van Hottentotvee om redes hierbo genoem noodsaaklik was, val nie te betwyfel nie. Dit sou egter vir beide die V.O.C. en die vryburgers voordeliger gewees het indien daar gaandeweg, namate die landbou gestabiliseer is, meer vryheid ten opsigte van

60. *Ibid.*

61. Leibrandt, H. C. V.: *op. cit.*, *Letters Despatched, Vol. II*, p. 25.

62. *Resolusies van die Politieke Raad: op. cit.*, pp. 143-144.

63. *Ibid.*

64. Jeffreys, M. K.: *op. cit.*, p. 39.

65. *Ibid.*, pp. 43-45.

66. Die verhouding tussen blankes en inboorlinge was op hierdie tydstip gespanne en Van Riebeeck wou deur middel van hierdie verbod ook verhoed dat die Hottentotte die vryburgers skade aandoen of op hulle spioeneer.

67. Bosman en Thom: *op. cit. (Deel III)*, p. 429.

hierdie handel toegelaat is. Ten spyte van die feit dat die Hottentotte oor die lang duur meer en meer onwillig geword het om hulle vee aan die V.O.C. af te staan, is hierdie stap nooit oorweeg nie. Gevolglik kon nóg die V.O.C. nóg die vryburgers noemenswaardige voordeel uit hierdie potensiele winsgewende handel put.

3. *Handel Onderling*

Op die gebied van onderlinge handel, het die Kompanjie nie dieselfde onbuigsamheid aan die dag gelê as wat met skepe en inboorlinge die geval was nie. Weliswaar was hierdie handel nie so winsgewend as op die ander terreine waar streng beperkings gegeld het nie, maar nogtans het dit aan 'n groot aantal vryburgers redelike stabiele bestaansmoontlikhede gebied.

'n Kenmerk van die onderlinge handel was die beleid van die V.O.C. om mededinging te beperk en privileges op spesifieke handelsterreine aan individuele vryburgers toe te staan.⁶⁸ Die gelukkige houers van privileges is van 'n bestaan verseker deurdat allerlei maatreëls getref is waardeer nie-bevoorregtes verbied is om op hulle terreine te oortree.⁶⁹

Aangesien die V.O.C. omvattende regulasies ten opsigte van die wyse waarop dit gebruik kan word, voorgeskryf het, kon genoemde privileges egter ook nie na willekeur deur die houers daarvan benut word nie. Behalwe die beperkings ten opsigte van handel met spesifieke instansies, waarna alreeds verwys is,⁷⁰ is voorskrifte veral ook neergelê insake artikels waarmee gehandel mag word en teen watter pryse dienste of goedere van die hand gesit mag word. So bv. word vrymeulenaar Wouter Cornelissen Mostaert op 26 Julie 1658 verbied om enige koring of rog vir die vryburgers te maal ten einde hulle te verplig om die graan aan die V.O.C. te lewer;⁷¹ op 27 Augustus 1659 word 'n omvattende pryslys opgestel waarteen goedere in die Kaap verkoop mag word⁷² en op 4 November 1660 waarsku die Kommandeur baie ernstig teen die verkoop van brood en botter teen 'n hoër prys as die vasgestelde pryse.⁷³

Ten spyte van al die voorskrifte wat gegeld het, blyk dit tog dat Van Riebeeck gretig was om onderlinge handel aan te moedig en te bevorder. Hiervan getuig ondermeer sy besluite om:

68. Vgl. vorige besprekings handelende oor die professionele klas onder die vryburgers.

69. Daar is verskillende Plakkate wat as voorbeeld hiervan kan dien. Ter illustrasie kan verwys word na Plakkaat Nr. 14 van 10 Julie 1657 (waarin o.a. bepaal word dat wildsvleis slegs deur skutters wat 'n voltydse reg om te skiet ontvang het, verkoop mag word) asook Plakkaat Nr. 21 van 15 Oktober 1657 (bepaal dat slegs lisensiehouers herberge mag aanhou, drank mag verkoop en dat veral V.O.C.-dienare spesifiek van hierdie reg uitgesluit is).

70. Vgl. vorige besprekings van handel met Hottentotte en met skepe.

71. Bosman en Thom: *op. cit. (Deel II)*, p. 350.

72. *Ibid. (Deel III)*, pp. 127-131.

73. *Ibid.*, pp. 284-285.

- (i) aan amptenare rantsoengelde in plaas van goedere in natura te gee sodat meer geld vir die lokale handel in omloop gebring kon word;⁷⁴
- (ii) aan elkeen die reg te gee om botter, melk, eiers, hoenders, ganse, eende, vis en vrugte vryelik te verkoop;⁷⁵
- (iii) dorpsburgers toe te laat om hul surplus „Hollandse” skape aan ander vryburgers te verkoop;⁷⁶
- (iv) dorpsburgers toe te laat om skaapooie („Hollandse”) vryelik onder mekaar te verkoop met die doel om aanwas te bevorder;⁷⁷
- (v) aan almal behalwe „landbouwers” en herbergiers die reg te gee om goedere wat deur die V.O.C. in voorraad gehou word, te verkoop.⁷⁸

Deur onderlinge handel op hierdie wyse te bevorder, het Van Riebeeck nie alleen ’n positiewe stap geneem ten einde die Kaap selfgenoegsaam te maak nie, maar ook aan die vryburgers ’n groter aandeel gegee in die algemene ekonomiese ontwikkeling van die gebied. Dit is dan ook aan hierdie beleid van hom te danke dat die Kaap nie saam met die V.O.C. in duie stort nie.

4 *Handel met die V.O.C.*

Direk of indirek was die V.O.C. met alle handel aan die Kaap ’gemoeid. Waar hy nie self aan die handel kon meedoen nie, is aan geleenthede so deur middel van regulasies en kontrole gereël dat dit sy belange nie enige skade kon aandoen nie. In die vorige besprekings is bv. daarop gewys hoe die voordelige veehandel en die handel in die algemeen met die Hottentotte gemonopoliseer is en hoe die meer arbeid-intensiewe en gevolglik duurder ondernemings soos die boerdery, professionele dienste, soutinsameling en vissery aan die vryburgers oorgelaat is.

Benewens die V.O.C. se beleid van wins-ten-alle-koste, moet in gedagte gehou word dat die handelsverhouding tussen hom en die vryburgerboere ook deur ander faktore beïnvloed is. As gevolg van die verskaffing van goedere op krediet aan laasgenoemdes, is hulle verplig om hul graanoeste aan die V.O.C. te lewer ten einde te verseker dat hulle skulde afgelos word. Hierdeur is die vryburgers natuurlik van ’n mark vir hulle produkte verseker, maar wat hulle wel verontrief en gegrief het, was die swak pryse wat vir hulle produkte betaal is.⁷⁹ Daarom is dit geen wonder dat hulle allerhande slinkse of onwettige maniere moes soek om hul graan teen lonender pryse te verkoop nie.⁸⁰

74. *Ibid.*, p. 128.

75. *Ibid.*, pp. 128-129.

76. *Ibid.*, pp. 130-131.

77. *Ibid.*

78. *Ibid.*, pp. 128-129.

79. Die swak graanpryse was een van die hoofgriewe in die Vryburgerpetisie van 1658.

80. Jeffreys, M. K.: *op cit.*, p. 47.

Die gevolge van bogenoemde omstandighede waaronder die V.O.C. hom aan die een kant, en die vryburgers hulle aan die ander kant bevind het, was 'n hele netwerk Plakkate, Regulasies en waarskuwings wat uitgereik is. In hierdie verband merk Robertson tereg op dat „ . . . all measures . . . merely attacked symptoms without in any way touching on the causes of the freemen's concentration upon mere side-lines. To a very large extent it was the Company's over-anxiety to provide itself plentifully with grain and meat that led to less being forthcoming. In order to ensure that the available supplies were not dissipated, it had made strict regulations to see that they were only offered to the Company. In order to ensure that the supplies should not be too costly the Company then fixed the scale of prices at which it would buy from the freemen at so low a level that it would not cover their expenses; so they naturally restricted their production of what the Company particularly desired and gave their main endeavours to dealing with the Hottentots, and supplying the wants of the men from the ships at rates uncontrolled by authority. It was the penny-wise pound-foolish policy of the Company that must bear the main responsibility for the lack of satisfaction it had from the first settlement”⁸¹

Van Riebeeck moes gaandeweg die nutteloosheid van streng kontrole beseef het, en ingesien het dat die enigste manier waarop verseker kon word dat reëls nie verbreek word nie, was dat hulle opgehef word of dat groter moontlikhede vir wettige handel geskep word. As gevolg hiervan het hy dan ook plaaslike kleinhandel aangemoedig waar hy kon, asook sekere streng beperkings ten opsigte van veehandel opgehef.⁸²

G. C. Olivier.

81. Robertson, H. M.: *The Economic Development of the Cape under Van Riebeeck*, S.A. *Journal of Economics* (Vol. 13, No. 2), p. 87.

82. Vgl. Resolusies van die Politieke Raad: op. cit., pp. 212-214.